

Wiskunde Gr.8 Toets 7
Statistiek en waarskynlikheid

60 minute

50 punte

Vraag 1: [17]

Die aantal leerders per skool in 'n sekere distrik is soos volg opgesom:


378	502	866	450	355	465
556	880	519	684	658	458

- 1.1 Is hierdie data diskreet of kontinue? (1)
- 1.2 Maak 'n stingel- en blaar voorstelling van bogenoemde data, en rangskik ook die data. (4)
- 1.3 Bepaal die modus. (1)
- 1.4 Bepaal die mediaan. (2)
- 1.5 Bepaal die gemiddelde aantal leerders per skool in die betrokke distrik. (4)
Rond af tot die naaste heelgetal.
- 1.6 Vergelyk jou antwoorde in 1.3, 1.4 en 1.5. Watter van die drie middelwaardes sal die beste wees om te gebruik? Motiveer jou antwoord. (2)
- 1.7 Bereken die persentasie uitskieters wat hier voorkom. (3)
Rond korrek af tot een desimaal.

Vraag 2: [13]

Die sirkel diagram toon die samestelling van al Annie se vak punte vir die halfjaarlikse eksamen.

Die totaal van al Annie se vakke is 426.




Beantwoord die volgende:

- 2.1 Bereken haar persentasie vir elke vak. Rond af tot die naaste heelgetal. (6)
- 2.2 Bereken die verhouding (in eenvoudigste vorm) tussen Annie se vak met die laagste persentasie en Annie se vak met die hoogste persentasie. (3)
- 2.3 Stel die gegewens voor as 'n lyngrafiek. (4)

Vraag 3: [8]

Die grafiek toon die aantal vroue atlete wat aan die Twee Oseane Half Marathon deelgeneem het op 12 April 2026.



Beantwoord die volgende:

- 3.1 Watter tipe grafiek word hier voorgestel? (1)
- 3.2 In watter ouderdomsgroep het die meeste atlete deelgeneem? (1)
- 3.3 Hoeveel vroue atlete het in totaal deelgeneem aan die Twee Oseane Half Marathon vir 2026? (2)
- 3.4 Volgens die organiseerders van die Twee Oseane het daar in 2026 10% meer vroue atlete deelgeneem aan die half marathon as in 2025. Bereken die aantal vroue atlete wat in 2025 deelgeneem aan die half marathon. Rond af tot die naaste heelgetal. (3)
- 3.5 Hoe sal jy die opskrif van die grafiek anders verwoord om dit meer beskrywend te maak? (1)

Vraag 4: [6]

Drie muntstukke word gegooi.

Wat is die kans dat twee muntstukke op kop sal land en die derde muntstuk op stert sal land?

(Gebruik 'n boomdiagram.)

Vraag 5: [6]

Daar word 'n vrugtemandjie gepak met die volgende vrugte in:

8 piesangs, 6 lemoene, 4 appels en 2 perskes.

Jy kan een vrug kies uit die mandjie. Wat is die kans dat jy die volgende gekies het: (Druk jou antwoord uit as 'n desimale breuk.)

- | | | |
|-----|--------------------------------|-----|
| 5.1 | 'n lemoen | (2) |
| 5.2 | nie 'n lemoen of 'n appel nie. | (2) |
| 5.3 | 'n peer | (2) |